



Verwysing: 20160725-2628
2/19/2
Navrae: LR Abrahams

Omsendbrief: 0040/2016
Vervaldatum: 31 Desember 2018

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame

Kort opsomming: *Hierdie skrywe dien om gewone skole van die tydraamwerke vir aansoeke om toelating tot skole van die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) sowel as die bestuur van skooltoelatingsinligting vir **2017/18** in te lig.*

Onderwerp: Datums en tydraamwerke vir aansoeke om toelating tot gewone skole van die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) sowel as die bestuur van skooltoelatingsinligting vir 2017/18

1. Die aanvraag om leerruimtes by skole in die Wes-Kaap neem steeds elke jaar toe. Ten einde toelatings doeltreffend te bestuur, word skole vereis om aan die volgende tydraamwerke vir toelatings te voldoen.
2. Die maatreëls soos uiteengesit in hierdie omsendbrief is van toepassing op aansoeke wat in **2017**, om toelating tot gewone openbare skole in **2018**, ontvang word.
 - 2.1 Algemene toelatingsdatums stel die WKOD in staat om die voorsiening van klaskamers, diensstate, verkryging van LOOM, en alle ander sistemiese intervensies meer doeltreffend te beplan en dus te verseker dat skole elke jaar gereed is om te begin.
 - 2.2 Dit help ook om die proses meer toeganklik vir ouers te maak wat by skole in die Wes-Kaap wil aansoek doen.
 - 2.3 Daar word van skole verwag om aan die volgende toelatingtydraamwerke van die WKOD te voldoen wat op **alle gewone openbare skole van toepassing wees**:

Aktiwiteit	Datum
Skole vang beplande inskrywings op SAMI vas	30 Januarie 2017
Skooltoelatings open (alle gewone openbare skole)	06 Februarie 2017
Skooltoelatings sluit (alle gewone openbare skole)	24 Maart 2017
Ouers word per pos (brief) van die uitkoms ingelig	03 Mei 2017
Ouers bevestig aanvaarding	30 Junie 2017
Skole vul beskikbare plekke	3 ^{de} Kwartaal 2017

3. **Vaslegging van skooltoelatingsinligting vir 2017 op die “WCED School Admissions Management Information (SAMI)” stelsel:**

3.1 Let asseblief daarop dat in die geval van ’n versoek om toelating, geskil of ’n wettige ondersoek plaasvind, skole versoek kan word om die besonderhede van die aansoek te voorsien, d.w.s. wanneer en hoe die aansoek verwerk is. Die besonderhede sal dan vanaf die SAMI-stelsel getrek word wat die amptelike toelatingsinligtingdatabasis van die WKOD is.

3.2 Skole word dus versoek om **ALLE aansoeke** wat ontvang word, op die SAMI-stelsel vas te lê.

3.3 Sperdatums vir die vaslegging van toelatingsinligting op die SAMI:

- | | |
|--|---|
| 3.3.1 Die SAMI open vir beplande inskrywings: | 20 Januarie 2017 |
| 3.3.2 Skole teken beplande inskrywing af: | 30 Januarie 2017 |
| 3.3.3 Skole vang alle aansoeke wat op die SAMI ontvang is vas: | 06 Februarie – tot alle plekke gevul is |
| 3.3.4 Skole dui die uitslag van die aansoeke op die SAMI aan: | 28 April 2017 |
| 3.3.5 Skole vul beskikbare plekke | 3 ^{de} Kwartaal 2017 |

3.4 Die SAMI-funksie genereer ’n lys van ongeplaasde leerders en soos aansoeke verwerk word, toon dit skole wat nog beskikbare plekke het.

3.5 Dit is dus belangrik dat skole die aansoeke teen die sperdatums vaslê en verwerk om te verseker dat amptenare akkurate inligting ontvang wat gebruik sal word om ouers van beskikbare plekke in te lig.

4. **Die oplos van gevalle waar ’n leerder nie van ’n plek by ’n skool verseker is nie:**

Die betrokke distriksamptenare wat met die toelatingsadministrasie werk, sal toegang hê tot die lys ongeplaasde leerders sowel as beskikbare plekke by ander skole in die distrik. Daar sal van hierdie amptenare verwag word om met die plasing van leerders te help deur met skole in hulle onderskeie distrikte en kringe te skakel.

5. In lig van die toenemende aanvraag om plekke by skole, vertrou die WKOD dat hierdie maatreëls skole en ouers van hulp sal wees. Ons wil ook graag alle prinsipale, beheerliggame en amptenare vir hulle voortdurende ondersteuning met die plasing van leerders in skole bedank.
6. Alle navrae ten opsigte van die bogenoemde kan aan die betrokke distriksamptenaar gerig word.
7. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokkenes.

GETEKEN: BK SCHREUDER

WAARNEMENDE HOOF: ONDERWYS

DATUM: 2016-09-28